DIE HOËRSKOOL MENLOPARK · EXCELSA PETAMUS · SEDERT 1963

# menlo-insig

4/2024

## LIEWE MENLO



Wat is lekkerder as om 'n tiener te wees en op Valentynsdag deur 'n geheime bewonderaar verras te word? Die antwoord is eenvoudig. Niks is lekkerder as om 'n Parkie-tiener te wees nie, veral op Valentynsdag! Op Valentynsdag word daar oor sake van die **hart** nagedink. Die Insigkantoor is gedurende die week met tienernavrae oor **hart**sake oorval en daar is opnuut besluit om navorsing oor die **hart** te doen.

Navorsing wat oorspronklik in 2022 deur die Insigkantoor gedoen is, is onlangs bygewerk – met verrassende resultate! Parkies word aangeraai om hulle **harte** vas te hou wanneer hulle die bevindinge lees en om hulle **harte** nie halsoorkop te verloor nie. Wees gewaarsku: Daar is heelwat mites oor die **hart** ontmasker en die Insig se aanbeveling is dat die nuwe inligting ter **harte** geneem moet word.

Hier volg 'n kort opsomming van die studie:

| Konvensionele begrip van hartsake | Nuwe inligting (soos bygewerk in 2024) |
|---|---|
| Die hart pomp bloed deur die bloedvate. | Die hart klop tjoklits, veral as Parkies saam TIHO skree of 'n mede-Parkie by 'n byeenkoms aanmoedig. Daar is talle voorbeelde. |
| Die hart is tussen die linker- en regterlong, met 'n effense skuif na links, geleë. | Die hart is nie altyd tussen die longe geleë nie, want dit kan ook op die mou gedra word, verloor word of selfs gesteel word. |
| Die hart lyk soos 'n uitgeholde spiersak. | Die verskynsel dat die hart vol kan wees, dui op teenstrydighede in konvensionele navorsing. 'n Hart kan vol wees (n.a.v. die spreekwoord '*wat die hart van vol is...*'), maar kan ook leeg wees (*jou hart uitpraat*). |
| Die hart bestaan uit spierweefsel. | Daar is heelwat bewyse dat Parkies harte van goud het. |
| Die hart het 'n vaste posisie in die menslike liggaam. | 'n Persoon se hart kan in sy/haar keel klop. |

Gevolgtrekking: By nadere ondersoek is daar bevind dat die anatomie van 'n Parkie-**hart** *absolut* uniek is. Die eintlike vraag oor **hart**sake op Menlo-bodem is nie hoeveel Parkies in die amfiteater kan inpas nie, maar eerder hoeveel Parkies die afgelope sestig jaar in die skool se **hart** gekruip het. Die antwoord: Te veel om te tel!

#myplekismenlo

## MENLO MA'S WAT OMGEE

*Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.*

**Teks: Matt 3:17** Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg.

# DAGBOEK

**16/2** Tennis: Groot 5-seunstoernooi tot 18/2
Akademie: Skryfklub (Personeelkamer, 13:00 – 15:00)

**17/2** Parkiebal
Perdesport: Liga 1
Atletiek: Curro Podium Nasionale Byeenkoms (Pilditch)
Krieket: Finsbury o. 15A & o. 19A (tuis en weg)

**19/2** Redenaars: Werkswinkel (Ouditorium, 14:15 – 16:00)
***Nominasievorms vir BL-verkiesing is by Ontvangs beskikbaar**

**20/2** Atletiek: Aflosoefening
Leierskap: Junior opleiding (Ouditorium, 16:30 – 17:30)

**26/2** ***Nominasieproses vir die BL-verkiesing sluit**

**4/3** ***Beheerliggaamverkiesing**
*Hou u e-pos vir meer inligting oor die BL-verkiesing dop.












# AKADEMIE

## Skoleondersteuningsentrum vereer topskole

Die land se top- akademiese skole is verlede week deur Solidariteit se Skoleondersteuningsentrum vereer. Na afloop hiervan weet almal wat ons weet: In die ganse Suid-Afrika is daar nie 'n enkele gemengde skool wat ons op akademiese gebied klop nie. So uit die perd se bek! Die skool bedank die personeel en Parkies weereens vir hulle harde werk. #SaamMaakOns'nSpan



# AKADEMIE

## Hilf mir, bitte!

Die Insig het vandeesweek 'n e-pos onderskep en benodig hulp met die vertaling daarvan:

*"Ich freue mich sehr euch mitzuteilen, dass wir nun die Gewinnerinnen der Nationalen Deutsch-Olympiade 2023 mitteilen dürfen. Die beiden Gewinnerinnen, 1. und 2. Platz, gewinnen die Teilnahme an der Internationalen Deutsch-Olympiade in Göttingen vom 15.-.22.7.2024 in Form eines Stipendiums.*

*Den ersten und zweiten Platz belegen mit 95% der zu erreichenden Punkte*

*Chenay de Jager (H/S Menlopark)"*

Die Insig is nie 'n kenner op die gebied van vreemde tale nie, maar vermoed dat Chenay de Jager die Duitsolimpiade met 'n punt van 95% gewen het en sodoende haar plek by die internasionale Duitsolimpiade in Göttingen bespreek het.

Dit is voorwaar 'n puik prestasie en die Insig begin onmiddellik met Duitsklasse, want dit wil voorkom asof daar in die toekoms weer sulke e-posse op Menlo se kuberradar mag opduik.

Wir sind stolz auf Chenay und Frau Susan van der Westhuizen.

Herzlichen Glückwunsch!



# LEIERSKAP

## Parkieraad: Gerat & Gereed!

Vertrek! Versnel! Verander! Dit is die slagspreuk wat die Parkieraad se optrede vanjaar sal rig. Hierdie credo is verlede naweek by die Parkieraadkamp ingeoefen waar die Parkies opnuut besef het dat leierskap 'n werkwoord is. Inspire Life Coaching het die kamp gefasiliteer en die leerders gemotiveer om te inspireer, te dien en met deernis te lei. Die Insig bedank die Parkieraadvoorsitters, Rudolph Jordaan en Lize Booysen, me. Priscilla Marais en mnr. Johan Grové vir hulle voorbereiding en insette. Menlo sien saam met die Parkieraad na 2024 uit!









# GEES

## Parkiedag: Vriendskap onbeperk!

Dit is 'n goeie ding dat daar nog nie 'n dak oor die amfiteater is nie, want die dak sou vir seker tydens vandeesweek se Parkiedagverrigtinge lig. Op Menlobodem is Valentynsdag 'n geleentheid waar ons liefde vir die skool, vriendskap en Parkie-talent met oorgawe vier.

Die skool is vroegdag met 'n tikkie rooi verfraai: Ballonne het om kosyne gewapper en 'n paar gelukkige asters is met blomme verras, maar dit is die skool se verrassing aan die Parkies wat die harte tjoklits laat klop het. Parkiedag het met 'n boodskap deur Viljee Smit, hoofseun, afgeskop waarna Viljee en Keira de Jager, hoofdogter, as seremoniemeesters vir die Parkies se eie verskeidenheidskonsert opgetree het. Ofskoon die opwinding van die kunstenaars nie reeds hartkloppings veroorsaak het nie, het die harte byna gaan staan toe die manne van Droomsindroom hulle verskyning op die verhoog gemaak het.









Ander vermoed dit. Parkies weet dit. Die foto's bewys dit: Menlo is 'n skool met **HART**!
Baie dankie, Matriekraad. Parkiedag was onvergeetlik.

# SWEM






## Swem-spanete vir sukses

Wanneer dit by swemsukses kom, is daar talle faktore wat 'n bydrae lewer. Dit is weliswaar noodsaaklik om getrou te oefen, maar 'n swemmer sonder brandstof is soos 'n onbetrokke Parkie – absolut ondenkbaar!

Menlo ry die golf van sukses al vir jare en dit is daarom veilig om te berig dat die skool die resep om die perfekte brandstof te maak, vervolmaak het.

Die Insig het hoog en laag gesoek, maar was telkens in 'n doodloopstraat. Volgens anonieme, dog betroubare bronne is dié resep 'n digbewaarde geheim. Die swemmers wat vandeesweek by die spanete was, het wel getuig dat die resep vorentoe smaak en dat dit hulle beslis sal help om die water te skuif wanneer hulle vandeesweek vir die interhoër by Hillcrest induik. Gerhard Zandberg, 'n voormalige olimpiese swemmer, het die Parkies verder gemotiveer om die hoogste by die interhoërgalas na te streef.

Baie dankie aan die swemmers se ouers vir hulle moeite met 'n onvergeetlike funksie.

*Die interhoërgalas is intussen afgehandel. Hou Insig 5 vir die uitslae dop.*

# TENNIS

## Menlo-tennismasjien loop soos stroop

Menlo se tennisspelers het sommer met die intrapslag vanjaar vir 'n paar opskuddings veroorsaak. Ons manne het die eerste slag met hulle puik prestasie by die Boland Lanbou Toernooi geslaan deur vyfde uit twaalf skole te eindig. Die Boland Landbou Tennistoernooi word jaarliks in die Paarl aangebied en hier is dit nie net die opponente wat die spelers laat sweet nie, maar ook die snikhete temperatuur. Die manne het egter bewys dat hulle nie so maklik smelt nie en uitstekende tennis in die Paarl-drukkoker opgedis. Baie geluk aan die volgende spelers: Joshua Smit, Kelly Mostert, Markus de Jager, Ruben Lourens, Oliver Pretorius, Jacques de Jager en Carl Radley.

Die uitslae is soos volg:

I Paul Roos    2 Hoër Jongenskool Paarl    3. Pearson    4 Boland Landbou    5 Die Hoërskool Menlopark

'n Menlo-meisie laat nie op haar wag nie en dit is daarom geen verrassing nie dat die dogterspan die seuns se prestasie gekomplementeer het deur vierde uit agt skole by die St Mary's Invitational Tennis Festival in Johannesburg te eindig. Knap gedaan aan Megan Fourie, Karina Pont, Simoné van Zyl, Carmen Nel en Mika Keet.

Die uitslae is soos volg:

I Hoër Meisieskool Bloemhof    2 St Mary's Waverley    3 St Mary's Kloof    4 Die Hoërskool Menlopark

Die skool bedank graag die organiseerder, me. Elné Coertzen, asook die afrigters mnr. Hendrik Coertzen, Conré Bergsma en oud-Parkie, Dewald Greyling.







# KRIEKET

## Van Park tot Spruit: Niemand kan die Menlo-manne stuit!

Almal weet dat daar net een Park is en dit is by hierdie einste Park waar slim sy baas vang en dikwels onverhoeds voor die penne betrap word. Die Parkies het hulle habitat verlede naweek tydelik verlaat om hulle staal ook in die Spruit te wys. Baie geluk aan die o. 15A-span en eerstes wat gewys het dat hulle krag verder as die Park strek.

Die Parkies het 'n spesiale mylpaal in die Spruit gevier deurdat Steve Stolk vir sy honderdste wedstryd op die veld gestap het. Baie geluk!

**Menlopark o. 15A teen Nelspruit o. 15A**

| | |
|---|---|
| Menlo | 209/9 (Verster Richter 48*, Jordan van Eck 32*) |
| Nelspruit | 130 almal uit (Heinrich Claassen 2/18, Jordan van Eck 2/15, Ben Schomper 2/29) |

Menlo wen met 79 lopies.

**Menlopark 1ste XI teen Nelspruit 1ste XI**

| | |
|---|---|
| Nelspruit | 152 almal uit (Pierré de Villiers 3/39, Matt van der Westhuizen 3/8) |
| Menlo | 153/2 (Dian van Zyl 80*, Ewald Meyer 48) |

Menlo wen met 8 paaltjies.









# HOKKIE




# MUURBAL

Kyk 'n mens na die gemak waarmee Menlo se spanne vandeesweek maalvleis van die opponente gemaak het, sou jy nooit kon raai dat die seisoen nog in sy kinderskoene staan nie. Die NJSA se skoleliga het vandeesweek eers afgeskop, maar die MMA is reeds witwarm. Dit is veral die tweedes (seuns) en vierdes (dogters) wat die opponente behoorlik laat les opsê het. Knap gedaan aan die spelers, mnr. Willem Botha (organiseerder) en me. Liz Mackenzie (afrigter). Ons sien saam met die MMA uit na die seisoen wat voorlê.





# MENLO-INLIGTING

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

## 1 MENLO-SPORTWINKEL

*(Sportklere, Menlo-ondersteunersdrag & Menlo-sambrele)*
Kontakpersoon: Mnr. Tinus Vermaak
(082 322 6081)

**1ste tot 3e kwartaal**

- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:30 - 14:30
- Woensdag & Vrydag: 07:00-08:00

**4e kwartaal**

- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:45 - 14:15
- Woensdag & Vrydag: 07:15-07:45

## 2 MENLO-KLEREBANK

Kontakpersoon: Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Slegs per afspraak.

## 3 SPORTKLERE MET KARAKTER

Kontakpersoon: Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)

## 4 BEMARKINGSKANTOOR



## 5 EKSTRA KLASSE

**Wiskunde:** Raadpleeg die skool se webblad vir die rooster.
**Fisiese Wetenskappe:**
Graad 11 & 12
Vraag-en-antwoordsessie by die onderskeie vakonderwysers.
Maandae: 14:05 en 15:00.
**Graad 10**
15/2 in H11 • 22/2 in H9
29/2 in A106 • 7/3 in H10
14/3 in H11

## 6 TOETSROOSTERS

Raadpleeg die skool se webblad.

## 7 ALGEMEEN

- Die onderwysers se kontakbesonderhede is op die skool se webblad beskikbaar.
- Menlo is kontantloos!





DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

# MENLO Sportwinkel

Wees gereed vir interhoër

Koop jou sambreel en wees voorbereid vir



Beskikbaar by die Menlo-sportwinkel

www menlopark.co.za  AbsolutMenlo


# MARKPLEIN


16 MAART 2024
CASALINGA
SONNEBLOMFEES
SNOTKOP | DROOMSINDROOM | DIE HEUWELS FANTASTIES | EARLY B
DIE PIESANGSKILLE | JUSTIN VEGA | VANCOET BAND | DJ TWO TONE
KAARTJIES BESKIKBAAR VANAF
ticketmaster®


UNDER ARMOUR
VOORSKRIFBRILLE
NOU BESKIKBAAR BY
Bespreek Aanlyn
specsavers
Vir BEKOSTIGBARE OOGSORG
HILLCREST | 012 362 3144
Winkel 14 Grondvloer, Hillcrest Boulevard Winkelsentrum


JPF AESTHETIC
Studios
— MENLO —
VALENTINE'S DAY SPECIAL!
COME FEEL THE LOVE AT JPF AESTHETIC STUDIOS WITH
LASER HAIR REMOVAL
PAIN FREE
GET 10% OFF YOUR LASER HAIR
REMOVAL TREATMENT
VALID: 1 FEB 2024 - 29 FEB 2024
*EXCLUDING PACKAGES


Dr Heinrich Nolte
GENERAL PRACTITIONER
PhD, MBBCh, MA(HMS) Biokinetics, BA(HONS) Biokinetics, BA (HMS)


SAY-IT WITH A
love box
R280
Monaco Eatery delicious signature mini cake, with the choice between red velvet, carrot, chocolate or lemon meringue.
Handcrafted Macaroons from Nicoles Macaroons.
Valentine's designer cookies from TRBG.
Meringues from Lady Meringues.
Vita-lift drink.
Choose your tag design.
monaco
EATERY
EK SMAAK JOU Stukkend
LOVE
HUGS & KISSES FOR MY Valentine
lief vir jou
WE SUPPORT LOCAL.
320, The Hillside street, Lynnwood
Order in advance before the 14th at bookings@monaco-eatery.co.za




| | |
|---|---|
| Sjokolade Kolwyntjies met sjokolade versiersel | x6 R100<br>x12 R180 |
| Sjokolade Splinterkoekies (choc chip) | x6 R50<br>x12 R100 |
| Bruintjies (Brownies) | x12 R85 |
| Bruintjies (Brownies) – glutenvry | x12 R100 |
| Piesangbrood | R55 |

*Tuisgebak met regte botter en kwaliteit bestanddele*

**Plaas bestellings minstens 2 dae voor die tyd**
**Klara 066 222 4446**

TAU SLOW LEATHER CO

Volg gerus die skakel na TAU.







